
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JUNIE EKSAMEN
# GRAAD 12

# 2024

## EKONOMIE

## (VRAESTEL 2)

EKONOMIE V2

C2732A

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

13 bladsye

X05



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde wat die vereiste aantal oorskry, sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Skryf die vraagnommer bo elke antwoord neer.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 2 – 3 reëls oop tussen onderafdelings van vrae.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Watter item beskryf private voordeel die beste, indien ŉ KBA gedoen word, vir die aankoop van nuwe kapitaalmasjinerie vir ŉ besigheid?

A ŉ Vermindering van arbeid benodig
B Bykomende instandhouding
C Aankoopkoste
D Opleidingskoste

1.1.2. Waarna verwys produktiewe doeltreffendheid in Ekonomie?

A Maksimering van winste
B Minimalisering van koste
C Optimalisering van markaandeel
D Bepaling van hoë pryse

1.1.3 Wanneer maatskappye hulle produksie-uitgawes aan derde partye opdwing, staan dit bekend as ...

A private koste.
B gemiddelde koste.
C negatiewe eksternaliteite.
D ŉ produksie-eksternaliteit.

1.1.4 Die volgende sal altyd waar wees vir ŉ monopolistiese mededingende firma:

A GI = MI
B P = GTK
C GI < MI
D GI > MI

1.1.5 Die vraagkromme van ŉ monopolistiese mededingende firma ...

A het ŉ negatiewe helling.
B is geknik.
C het ŉ positiewe helling.
D is horisontaal.

1.1.6 ŉ Onvolmaakte mark wat net op die kort termyn normale winste kan maak:

A Oligopolie
B Monopolistiese mededinging
C Monopolie
D Perfekte mark

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.1.7 ’n Kenmerk van ’n volmaakte mark is:

A Verkopers het aansienlike markmag.
B Pryse kan hoër as die markprys gestel kan word.
C Produkte word gedifferensieer.
D Firmas is prysnemers.

1.1.8 As ’n besigheid in ’n volmaakte mark sy uitset verhoog, sal die totale inkomste van daardie besigheid ...

A geen verandering toon nie.
B afneem.
C toeneem.
D herstel. (8 x 2) (16)

1.2 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat by ’n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Toewysings-doeltreffendheid | A al die kostes gedeel deur die hoeveelheid uitset wat geproduseer word |
| 1.2.2 Faktor onbeweeglikheid | B vind plaas wanneer twee of meer firmas in dieselfde bedryf informeel ooreenkom om die mark te beheer |
| 1.2.3 Gemiddelde koste | |
| 1.2.4 Perfekte mark | C koste wat nie verhaal kan word sodra dit aangegaan is nie |
| 1.2.5 Progressiewe inkomstebelasting | D kan nie tussen nywerhede oorgedra word nie |
| 1.2.6 Stilswyende/Implisiete samespanning | E koste wat verhaal kan word sodra dit aangegaan is |
| 1.2.7 Gedane ('sunk') koste | F die strewe na inkomste deur aktiwiteite wat geen bykomende waarde skep nie |
| 1.2.8 Huur-soekend | G strawwe mededinging verhoed langtermyn ekonomiese wins |
| | H ’n stelsel waar die rykes meer betaal, en lae-inkomste verdieners minder betaal |
| | I die doeltreffende verspreiding van hulpbronne om aan die voorkeure van verbruikers te voldoen |

(8 x 1) (8)

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 ŉ Sistematiese manier om die sosiale, ekonomiese en omgewingsimpak van ŉ spesifieke projek te evalueer

1.3.2 ŉ Situasie waar markte nie bestaan nie of nie die vraag na sekere goedere kan voorsien nie

1.3.3 Die kommunikasie van inligting oor ŉ produk of diens aan potensiële verbruikers

1.3.4 ŉ Klein aantal groot firmas wat die hele bedryf oorheers

1.3.5 Die vermindering in produsent- of verbruiker surplus as gevolg van die instelling van ŉ belasting of subsidie

1.3.6 ŉ Gesamentlike term vir die klassifikasie van markte gebaseer op die aantal firmas, produkdifferensiasie, toegangshindernisse en markkrag

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE kenmerke van ʼn vraagkromme van besigheid in ʼn volmaak mededingende mark. (2)

2.1.2 Waarom is prysdiskriminasie nie moontlik vir firmas in ʼn volmaakte mark nie? (2)

2.2 Bestudeer die volgende spotprent en beantwoord die vrae wat volg.

.

**VOËLGRIEP VEROORSAAK DIE VERNIETIGING VAN VIER MILJOEN HOENDERS, HET'N EIER DILEMMA VIR SA VERBRUIKERS VEROORSAAK**




*Voëlgriep het ʼn eiertekort in Suid-Afrika veroorsaak – en sommige rolspelers in die bedryf het kommer uitgespreek oor die voorrade van hoenderprodukte.*

**[Aangepaste bron: *Daily Maverick*]**

2.2.1 Hoe sal die voëlgriep-uitbraak die markaanbod van eiers beïnvloed? (1)

2.2.2 Wat is die effek van die griepuitbraak op eierpryse? (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *marginale produk*. (2)

2.2.4 Verduidelik hoekom eiers ʼn homogene produk is. (2)

2.2.5 Hoe beïnvloed fluktuasies in die markprys van eiers die inkomste van kleiner produsente? (4)

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**_STANDARD CHARTERED BANK_ (SCB) MOET R42,7M BOETE BETAAL IN WISSELKOERS MANIPULASIE SAAK**

*15 November 2023 Deur: Marleny Arnoldi*

competition commission
south africa

Die SCB het aanspreeklikheid aanvaar vir die manipulasie van die Amerikaanse dollar-rand-wisselkoers. Die bank het ingestem om ŉ administratiewe boete van R42,7 miljoen te betaal. Die SCB het verder deelgeneem aan die verdeling van markte deur kliënte toe te ken ingevolge waarvan een handelaar sy/haar bestaande bod of aanbod van die mark weerhou of onttrek om die ander handelaar toe te laat om sy/haar handel uit te voer en te voltooi. Hierdie gedrag is in stryd met Artikel 4 van die Mededingingswet.

**[Aangepaste bron: _Creamer Media_]**

2.3.1 Identifiseer die mededingingsinstelling met die hoogste gesag. (1)

2.3.2 Gee EEN doelwit van die Mededingingswet. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *mededinging.* (2)

2.3.4 Verduidelik die rol van die mededingingskommissie met betrekking tot die wisselkoers manipulasie saak. (2)

2.3.5 Hoe kan die manipulasie van die wisselkoers besighede raak wat op wêreldmarkte meeding? (4)

2.4 Teken ŉ korrek benoemde grafiek en verduidelik hoe die aanbodkromme van kostekurwes afgelei word. (8)

2.5 Hoe verander die helling van die totale kostekurwe in verhouding tot veranderinge in die uitsethoeveelheid geproduseer? (8)

**[40]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Gee enige TWEE voorbeelde van eksplisiete koste. (2)

3.1.2 Hoe beïnvloed samespanning die globale mededingendheid van Suid-Afrikaanse besighede? (2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**RED ONS LUGREDERY**




**[Aangepaste bron: *www.zapiro.com*]**

3.2.1 Identifiseer die staatsonderneming wat in die spotprent hierbo uitgebeeld word. (1)

3.2.2 Noem die markstruktuur waaronder dit funksioneer. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *openlike/eksplisiete samespanning*. (2)

3.2.4 Hoekom is dit moeilik vir nuwe firmas om die lugredery bedryf te betree? (2)

3.2.5 Watter impak sou die ineenstorting van die lugdiens op die Suid-Afrikaanse ekonomie hê? (4)

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.3 Bestudeer die logo's hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**[Aangepaste bron: *www.googleimages.com*]**

3.3.1 Noem die aard van produkte in die mark soos hierbo geïllustreer. (1)

3.3.2 Noem nog EEN ander industrie wat in hierdie markstruktuur bedrywig is. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *nie-prys mededinging*. (2)

3.3.4 Waarom is monopolistiese mededingende besighede huiwerig om op grond van pryse mee te ding? (2)

3.3.5 Verduidelik kortliks waarom daar gesê word dat besighede in die monopolistiese mark toewysings-ondoeltreffend is. (4)

3.4 Teken 'n goed-benoemde grafiek om ekonomiese winste vir 'n monopolie mark te illustreer (sonder 'n beskrywing). (8)

3.5 Ontleed die verband wat bestaan tussen marginale inkomste (MI) en gemiddelde inkomste (GI) in monopolistiese mededinging markte. (8)
**[40]**

GAUTENG PROVINCE
SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**


4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE tipes goedere wat deur die regering verskaf word. (2)

4.1.2 Hoe lei direkte beheer tot die verkeerde wantoewysing van hulpbronne? (2)

4.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**REGERING OORWEEG DIE VASSTELLING VAN 'N PRYSPLAFON VIR LOODVRYE PETROL**




"Die regering is diep bekommerd oor die stygende koste van petrol in Suid-Afrika," het Radebe by 'n inligtingsessie ná die kabinetsitting gesê.

Die regering het nou besluit om 'n ondersoek te loods rakende 'n maksimum prysvastelling vir loodvrye brandstof moet vasstel.

**[Aangepaste bron: *Mail & Guardian*]**

4.2.1 Identifiseer die hoeveelheid verskaf indien die prysplafonne afgedwing word. (1)

4.2.2 Noem EEN voordeel van die prysplafon vir motoriste. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *minimum prys.* (2)

4.2.4 Verduidelik die implikasies van 'n prysplafon wat bo die markprys gestel word. (2)

4.2.5 Hoe kan die voorgestelde prysplafon op loodvrye petrol tot swart markte lei? (4)

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.3 Bestudeer die teks en die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KOSTE EN VOORDEEL ONTLEDING**

Stel jou voor twee kragstasies. Stasie A (termies) is goedkoop om te bou, maar duur om te bedryf, terwyl Stasie B (kernkrag) duur is om te bou, maar goedkoop om te bedryf.

Die ekonomiese koste en voordele bereken met behulp van netto huidige waardes vir die twee projekte word hieronder gegee:

| Projek | Ekonomiese koste (R) | Ekonomiese voordele (R) |
|---|---|---|
| Stasie A (termies) | 140 miljard | 290 miljard |
| Stasie B (kernkrag) | 450 miljard | 900 miljard |

**[Bron: Eksaminator]**

4.3.1 Identifiseer EEN metode wat gebruik word wanneer die KVA hierbo bereken word. (1)

4.3.2 Noem die projek met die laagste ekonomiese koste. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *maatskaplike voordeel*. (2)

4.3.4 Watter uitdaging is daar wanneer die koste-voordeel-analise toegepas word? (2)

4.3.5 Hoe kan die Suid-Afrikaanse regering die koste-voordeel-analise gebruik om markmislukking te voorkom? (4)

4.4 Beskryf die uitwerking van minimum lone as gevolg van markmislukking. (8)

4.5 Wat is die onbedoelde gevolge, benewens laer produksiekoste, van staat-subsidies op die landbousektor? (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is ŉ laerorde respons.<br>• ŉ Goeie beginpunt sal wees om die hoofkonsep wat met die vraag onderwerp verband hou te definieer.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by jou inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE.<br>• Vermy om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br><br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Differensieer/Verduidelik/Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Beoordeel/ Debatteer<br>**ŉ Maksimum van 8 punte mag vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.** | Maks. 26 |
| **Bykomende deel:** Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/ Debatteer/Lei af/Vergelyk/Onderskei/interpreteer/Hoe?/Stel voor<br>**ŉ Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir die blote lys van feite.** | Maks. 10 |
| **Afsluiting**<br><br>Enige hoërorde gevolgtrekking moet die volgende insluit:<br>• ŉ Kort opsomming van wat bespreek is sonder om feite wat reeds genoem is te herhaal<br>• Enige mening of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteuningsinligting om die bespreking/analise te versterk<br>• ŉ Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die verskeie ewewigsposisies van ’n firma in ’n volmaakte mark, met behulp van grafieke. (26)
- Hoe beïnvloed die druk van mededinging in ’n volmaakte mark die etiese gedrag van firmas? (10) **[40]**

**VRAAG 6: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail, sonder die gebruik van grafieke, die kenmerke van monopolie as ’n markstruktuur. (26)
- Ontleed krities die bestaan van monopolieë in die aanspreking van sosio-ekonomiese kwessies in Suid-Afrika. (10) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
SA EXAM PAPERS